Son
6 April 2009

Nicola een van die dae ma

NICOLA BREYTENBACH
Foto: VERSKAF

DIE internasionale model Nicola Breytenbach (31) wat in Suid-Afrika gebore is, het 'n broodjie in die oond.

Haar naam is dalk nie bekend aan julle nie, maar haar gesig en lyf was al op verskeie tydskrifte en advertensies op die TV.

Die mooi meisiekind en haar man, Ben Steiner (31), verwag hul eersteling. Nicola is ses maande swanger. Die twee woon soms in New York, maar die meeste van die tyd is hulle jet-setters.

Dit maak sin dat Nicola nie op haar laat wag het nie, want ná 14 jaar van magie intrek en al die ander goeters wat van 'n model van haar kaliber verwag word, was sy seker al gatvol om te wees wat ander wil hê sy moet wees. Dié dat die model wat al in tydskrifte soos *Cosmopolitan*, *Elle*, *Vogue* en *American Marie Claire* gepryk het, besluit het om so kort ná haar troue met Ben met 'n gesin te begin.

En om te dink dit het alles begin toe Nicola se ma se hairdresser haar raakgesien en haar oorreed het om 'n agent in Amsterdam te gaan sien.

Maar vir eers vat die amper-ma 'n bietjie tyd af, want in Junie word sy iemand se ma en boonop is haar eie parfuum, Nicola, ook eersdaags te koop.